**SONDAG: 45**

**VRAAG EN ANTWOORD: 118**

| | | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|---|---|---|---|
| 118 Vraag: Wat het God ons beveel om van Hom te bid? | | | | |
| Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het | 1 | Matteus 6:33 | Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. | Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. |
| | | Jakobus 1:17 | Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. | Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie. |

.